Te jonk vir getuienis, oud genoeg vir leuens?



As 'n verslaggewer werksaam vir 'n Namibiese koerant het ek in September verlede jaar een oggend vroeg by die streekhof opgedaag om stories vir die koerant te dek. Met my aankoms het ek 'n jong meisie opgemerk, haar gesig en skouers versluier deur 'n groot wit doek. Dit was vir my vreemd om so 'n jong kind, sekerlik nie ouer as tien jaar nie, te sien bedek met 'n groot wit doek, veral in die hittige somer.

Sy en twee ouer vroue, een met 'n suigende baba aan haar borste, het saam op die trappe sit en wag. Die ingang na die hofsaal het geleidelik voller geword soos wat ander mense, geklee in hul beste pakke en rokke opgedaag het. 'n Saak waarin ses mense tereg sou staan vir onwettige handel in half edelgesteentes sou dieselfde oggend voorkom.

Al die mense was skynbaar geïnteresseerd in die saak. Bekende name en groot geld was betrokke. Die hof het sitting ingeneem. Eerste op die hofrol was 'n 25-jarige man wat tereg moes staan op 'n aanklag van verkragting. Die beskuldigde in groen tronkdrag het onskuldig gepleit.

Die magistraat het die eerste getuie ingeroep, die slagoffer van die misdaad. Ek het gesien hoe dieselfde jong meisie van vroeër deur die hof ordonnans ingelei word. Sy het verskrik gelyk en het eers in die rigting van die beskuldigde bank gestap voordat die ordonnans haar na die getuie bank gelei het. Mens kon skaars haar gesig bo die bank uitsien.

Die magistraat het beveel dat die hof **In camera** sou plaasvind aangesien die slagoffer minderjarig was. As verslaggewer word ek ook nie toegelaat om oor haar getuienis te berig nie. Ons het die hofsaal verlaat.

Buite het die mooi geklede mense steeds gewag dat die edelgesteente-saak moet begin. Ons het gewag en die jong meisie het uitgekom. Die ouer vrou met die baba is ingeroep. Toe verdaag die hof vir 'n kort pouse. Die beskuldigde het uitgekom, gevolg deur 'n tronkbewaarder. Vanuit my posisie kon ek sien hoe sy oë deur die groep mense soek en toe loop hy direk na die drie vroue toe.

Hy het sy vinger onder die ouer vrou se neus gedruk en dreigemente in Nama taal na hulle geslinger. Ek was verbaas toe niemand op die gebeure reageer nie. Daarna het hy omgedraai, gevolg deur sy gedweë tronkbewaarder.

Ek het die drie vroue in die straat af gevolg. Hier is hulle storie: "Hierdie meisie is ons suster se kind. Ons bly op 'n plaas in die Windhoek distrik. In Januarie is sy deur ons ander suster se voormalige man verkrag. Hy is 'n krimineel en dien nou 'n gevangenisstraf uit vir ontsnapping uit die tronk.

"Hy het nog nooit in sy lewe gewerk nie en kom altyd na die plaas toe wanneer hy nie in die tronk is nie. Dan moet ons vir hom kos gee as ons nie moeilikheid wil hê nie. Vandag is hy onskuldig bevind vir die verkragting van hierdie klein meisie. Hy het alles ontken en gesê sy vertel leuens."

"Die hof het bevind dat haar getuienis nie aanvaar kan word nie. Ek dink dit was omdat sy nie duidelik en samehangend kon praat nie. Net nou het hy ons gedreig en gesê hy sal ons terugkry wanneer hy weer vry is. Ons is bang, want ons sê nou vir jou, hy sal dit weer doen."